

12 OKTOBER

Skrifgedeelte: Psalm 111

Fokusgedeelte: Ps 111:10a-b

Die werke van die Here

Ons kan verstom staan oor die vermoëns van die mens. Veral in hierdie tegnologiese eeu waarin ons leef. Die mens kan in 'n ruimtetuig klim en die rondom die aarde wentel. Hy kan die onsigbare atoom split en so vernietigende krag, maar ook die antwoord op ons energie probleme in sy hand hou. Ons kan maar net rondom ons kyk en die vermoë van die menslike verstand sien.

Psalm 111 leer ons vandag egter nie iets van die mens se vermoë nie, maar van God. En wanneer ons hierdie perspektief het kan ons nie help om anders te dink oor die vermoë en die wysheid van die mens nie. Die hele Psalm is 'n lied om die grootheid en die almag van God te besing. Vir elke letter van die Hebreeuse alfabet word is daar 'n frase waarmee sy eienskappe besing word. Genade, barmhartigheid, geregtigheid, ewigheid. Alles eienskappe van God.

Wanneer ons dan in die lig van God se almag ons eie wysheid en vermoëns sien moet ons weet dat dit net genade van God is dat ons kon bereik wat ons bereik het. Want Psalm 111 leer ons vandag waar die begin van ons wysheid lê. Dit lê in ons vrees vir die Here. Wanneer ons hoor hoe almagtig Hy is, kan ons nie anders as om die kleinheid en dwaasheid van ons sogenaamde prestasies te sien nie. Wanneer ons sy genade en geregtigheid geopenbaar sien in die dood en opstanding van Christus, kan ons net nederig dankbaar weet ons kan onself nie van die ewige dood verlos nie. Dan kan ons maar net voortgaan en dankbaar gehoorsaam ons roeping uitleef, want ons weet "In U lig sien ons die lig!"(Ps 36:10).

Sing: Psalm 8:1,2,5,6 (1936-beryming)

Christiaan Jooste (Teologiese student)